SA STREEKS KAMPIOENSKAPPE

STREEK 4 - NOORD-KAAP; NOORD-VRYSTAAT; NOORD-WES; SEDIBENG EN SUID-VRYSTAAT

VENUE:	**BLOEMFONTEIN – SAAL SAL LATER BEKEND GEMAAK WORD.**
DATUM:	**SATERDAG 19 SEPTEMBER 2009.**
SLUITINGSDATUM:	**VRYDAG 11 SEPTEMBER 2009.**
INSKRYWINGSGELD:	**R80:00**
PROGRAMGELD:	**R30:00**
AANTAL MATTE:	**VOORLOPIG 4.**
MEDIESE ONDERSOEK:	**07H30-08H00 SATERDAG 19 SEPTEMBER 2009.**
INMEET:	**08H00-08H30 SATERDAG 19 SEPTEMBER 2009.**
OUDERDOMSGROEPE:	**0/8 JAAR (2001 & 2002) 0/20KG TOT 33-36KG.** **0/9 JAAR (2000) 0/22KG TOT 36-39KG.** **0/10 JAAR (1999) 0/24 TOT 42-46KG.** **0/11 JAAR (1998) 0/27 TOT 46-50KG.** **0/13 JAAR (1996 & 1997) 0/30KG TOT 69-76KG.** **0/15 JAAR (1994 & 1995) 0/33KG TOT 76-85KG.**
MASSA-VERSKUIWING:	**R50:00 ADMINISTRATIEWE FOOI.**
LAAT-INSKRYWING:	**R80:00 PLUS 'N R50:00 ADMINISTRATIEWE FOOI.**
ONTTREKKINGS:	**NA DIE SLUITINGSDATUM SLEGS MET 'N DOKTER SERTIFIKAAT.**
KONTAK BESONDERHEDE:	**HUIS: 017-6322506** **FAKS: 017-6324686** **SEL: 0823437800** **E-POS: sawrestl@mweb.co.za**
TOERNOOI-SEKRETARIS:	**LOLLIE VD BERG.**
SA BEAMPTE RAADS LID:	**JOHAN VD BERG.**

INLIGTING:

1. **Inweegkaartjies kan die oggend by die Tesourier van Suid-Vrystaat afgehaal word. Betaling geskied tydens die afhaal van die kaartjie.**

2. **Id-nommer en registrasie nommer moet by die stoeier se naam op die inskrywingsvorm aangeteken word. Geen inskrywing sal aanvaar word as die id-nommer en registrasie nommer nie by is nie.**

3. **Beamptes moet asb voor 07H30 aanmeld.**
   Mediese Beamptes moet asb om 07H15 aanmeld.

4. **Stoeiers gaan eers na die medies, dan na die nommer trek (elke stoeier moet 'n nommer trek) en dan na die inmeet. Stoeiers weeg kaalvoet in, net met sy stoeikostuum aan.**
   INMEET VOLGORDE: Noord-Kaap - inmeet Beamptes van Suid-Vrystaat.
   Noord-Vrystaat - inmeet Beamptes van Sedibeng.
   Noord-Wes - inmeet Beamptes van Noord-Vrystaat.
   Sedibeng - inmeet Beamptes van Noord-Kaap.
   Suid-Vrystaat - inmeet Beamptes van Noord-Wes.

5. **Die President/Sekretaris van elke Stoeivereniging is verantwoordelik om toe te sien dat alle ouderdomme en massas gekontroleer en korrek is op die inskrywingsvorm en dat die inskrywings betyds deurgestuur word. Inskrywings sal slegs van die Stoeivereniging se President/ Sekretaris aanvaar word.**
   Alle stoeiers moet reeds geregistreer wees vir 2009.
   Dui asb alle Ontwikkeling en Behoeftige stoeiers aan op die inskrywingsvorm. Stoeiers moet so geregistreer wees om in aanmerking te kom vir die afslag. Indien nie op inskrywingsvorm aangedui nie, sal stoeiers volle inskrywingsgeld betaal.
   Dui asb broers aan op inskrywingsvorm as volg: Kok: Piet (PJ) – A1; Kok: Gert (GJ) – A2 en le Roux: Neels (NP) – B1; le Roux: Jan (JC) – B2 ens. Stoeiers moet as familie geregistreer wees om in aanmerking te kom vir die afslag. Indien nie op die inskrywingsvorm aangedui nie, sal volle inskrywingsgeld betaal word.
   Gebruik asb aangehegte inskrywingsvorm.
   Bewys van ouderdom moet beskikbaar wees indien benodig.
   Elke stoeier moet sy registrasie kaart toon by die medies en skaal, volledig ingevul met sy doopvoorletters en van, id-nommer, onlangse foto en registrasie seël vir 2009.
   Stoeiers wat nie hulle registrasie kaarte beskikbaar het nie, kan 'n tydelike registrasie kaart vir die dag teen 'n R50:00 Administratiewe Fooi by die Toernooi Sekretaris kry.

6. **Alle Beamptes, Afrigters, Spanbestuurders en Admin Beamptes wat gaan optree se name, gradering en registrasie nommer moet saam met die inskrywings deurgestuur word. Stuur asb genoeg Beamptes (volgens die SA Beampte Raad se riglyne).**
   Slegs Spanbestuurders en Afrigters wie se name deurgestuur is mag optree. Meld asb wie die Hoof-Spanbestuurder sal wees. Hy/sy sal die enigste persoon wees wat onttrekkings en navrae namens die Stoeivereniging sal kan doen.

   ALLE ADMIN BEAMPTES SE NAME MOET ASB OP DIE LAATSTE OP 28 AUGUSTUS 2009 DEUR GEGEE WORD.

Indien daar enige navrae is, kontak my asb.

Vriendelike Stoeigroete.

LOLLIE VD BERG
SA ADMIN RAADSLID
STREEK 4 - 2009